



Doendinge vir AFRIKAANS

Nuusbrief van die **Vriende van Afrikaans**

Jaargang 27

Nommer 3

Julie 2022

Die skoolhoof van Rondeheuvel Primêr is vir baie skole 'n voorbeeld

Rondeheuvel Primêr is in 'n landelike gebied in Hermon met minimale hulpbronne tot hul beskikking, maar dié skool het wel 'n biblioteek. Daarby saam het die skoolhoof, meneer Forbes, ook nie 'n kantoor nie, maar hy gebruik sommer 'n spasie in die biblioteek waar hy sit om sy administratiewe take te verrig en afsprake na te kom. Hy sê ook verder dat die spasie wat hy veronderstel is om saam met die sekretaresse van die skool te deel 'n bietjie beknop is en dat hy in elk geval meeste van die tyd op die skoolterrein en tussen die klasse beweeg en pas dit hom om nie noodwendig in 'n kantoor te sit nie.

Wat my verder aangegryp het is die feit dat die skool ook die gemeenskap met dié baie belangrike saak van

leesbevordering help. Daar is 'n spesiale spasie vir volwasse boeke in die biblioteek en die leerders neem boeke uit vir hulle ouers om te lees. Dit is nou hoe 'n mens 'n verskil in jou skool en gemeenskap maak. Ons weet uit ondervinding dat die biblioteek die eerste ding is wat afgeskaf of weggeneem word indien daar by skole nie meer spasie is om leerders te huisves nie. Hiermee saam dink ek die boodskap dat die skool se biblioteek nog so aktief bestaan 'n baie kragtige boodskap aan die leerders, opvoeders en gemeenskap uitstuur – lees, die liefde vir boeke en lees en toegang tot lekker en geskikte boeke is belangrik. Welgedaan mnr Forbes, jy is die voorbeeld wat ons nodig het!

Die skool het ook op 4 Junie 'n boektrommel ontvang. Leerders van Rondeheuvel Primêr was baie opgewonde om te hoor dat die Vriende van Afrikaans (VVA) 'n boektrommel vol splinternuwe leesboekies vir hul skool gaan skenk. Die skenkings word moontlik gemaak deur fondse van verskeie donateurs waarvoor die VVA baie dankbaar is. Daar is vir die kinders voorgelees en oor die waarde en liefde van boeke en stories gesels.



Mnr Forbes, die skoolhoof van Rondeheuvel Primêr.



Chareldine lees vir die leerders 'n storie.



Die skool ontvang hul boektrommel.

**Daar is 'n
spesiale spasie
vir volwasse
boeke in die
biblioteek en die
leerders neem
boeke uit vir hul
ouers om te lees.**

"Elke kind wil lees"



Die Artikel deur Naomi Meyer het op 11 Mei 2022 op Litnet verskyn:



Aanbieders en rolspelers: Leeskonferensie Kuilsrivier.

"n Donker wolk," sê hy dan. "Ek kan dit nie anders beskryf nie. Ek wil amper sê... mens adem dit in as jy die woonbuurt binnery."

Só begin 'n onderhoud wat aan die begin van hierdie skooljaar met 'n skoolhoof van Kuilsrivier, wat verkies het om anoniem te bly. Die skoolhoof het oor die situasie in sy skool gepraat. Die verlies van onderwystyd het 'n katastrofiese effek op baie skole, opvoeders en kinders gehad.

Is alles verlore? Hoe nou gemaak?

Die ATKV se VVA het op 7 Mei in samewerking met die WKOD (Metro-Oos Onderwysdistrik) 'n leeskonferensie by CTLI in Kuilsrivier aangebied.



Chareldine van der Merwe het telefonies met Naomi Meyer oor dié belangrike geleentheid gepraat.

Chareldine, toe jy my die agtergrond hiervan vertel het, kon ek hoor die konferensie het nie net oor lees gehandel nie. Dit was 'n geleentheid om onderwysers toe te rus. Wil jy dalk begin deur te vertel wat die Onderwysdepartement gesê het?

Trevor Daniels, die kurrikulumhoof van Metro-Oos, het die geleentheid geopen.

Hy het vertel hoe die kinders in die omgewing waar hy werk, die afgelope tyd akademies gevaar het. Een aspek staan uit: Kinders se taalvaardighede is swak. Hulle punte is baie laag as dit by tale kom.

Een van die probleme is dat navorsing getoon het kinders word aan te min woorde blootgestel. Hulle sien te min woorde in boeke, lees te min en het dikwels nie toegang tot boeke nie.

Die President het 'n aankondiging gemaak. Hy wil teen 2030 hê alle tienjariges moet met begrip kan lees. Ons (dis nou die VVA en die Onderwysdepartement) gaan moet koppe bymekaarsit en kyk hoe ons hierdie droom kan laat verwesenlik.

Was die konferensie spesifiek gemik op lees?

Nee, dit was 'n konferensie wat oor baie meer as net lees gehandel het. Dit was 'n konferensie wat hulp vir opvoeders aangebied het. Die opvoeders is toegerus met nuwe kennis: julle is belangrik, opvoeders!

René Arendse was 'n motiveringspreker hier. Sy het klem gelê daarop dat onderwysers angstig en moedeloos is. Die Covid-regulasies het veroorsaak dat kinders nie heeltemal op die ontwikkelings- en vorderingsvlak is waar hulle moet wees nie. En dit het 'n impak op die onderwysers.

Die onderwysers moet die kinders deur hulle werk kry, maar hulle ... die onderwysers is so moedeloos. Hulle is onder so baie druk.

In Ren se praatjie het sy onderwysers aangemoedig om na hulleself om te sien. Sy het ges  j  kan nie iets gee as j  nie iets het nie, en as j  self so afgerem is, dan gaan die kinders nie baat nie. Die onderwysers word oorlaai met administrasie, met ekstra take, en selfsorg is baie belangrik. Dus: Onderwysers, sien eers om na julleself!

Chareldine, waarom het jou gedeelte van die konferensie gehandel?

Ek het gepraat oor wat die boublokke van leesvaardigheid is. Ek het vertel dat kinders hulle sintuie moet gebruik om die geskrewe woord te kan ontsyfer. Fynmotoriese en grootmotoriese vaardighede is belangrik – nie net vir sport en speel nie, maar ook vir lees.

Kinders op vierjarige ouderdom moet kan onderskei tussen links en regs, want mense lees van links na regs. Die eerste ses jaar van 'n kind se lewe is die belangrikste. Dis 'n blinde kol in die onderwys ... ons gee nie aandag aan daardie ouderdom kinders nie en dan kom hulle by die skool aan met 'n agterstand.

Toe ek hoor julle bied 'n leeskonferensie aan, het ek dadelik aan storieboeke gedink.

Ons het ook oor storieboeke gepraat! Maar ook hoe belangrik dit is om te kan lees wanneer 'n kind begin leer. Lees met begrip!

Ek het ook in my deel van die praatjie gesels oor voorlees. Die VVA het 'n boektrommelprojek waarmee die VVA deurlopend besig is. Hiermee probeer ons om die boeke na die mense te bring.

Watter wenke het julle aan onderwysers en ouers gegee ten opsigte van lees?

Dit sluit aan by die voorleesgedagte. Ek het ges  as 'n manlike gesagsfiguur, soos 'n onderwyser, in sy klas boeke het, of 'n pappa lees in die aand vir sy kind 'n storie, dan gaan die kinders dink: "Pappa is baie kere besig, maar hier maak hy tyd vir my. Lees is belangrik, en  k is belangrik. My pa of my ouma, of oupa of mamma, maak tyd om vir my te lees."

Kinders moenie voel lees is 'n straf nie. Dit word aanbeveel dat daar 'n leeshoekie in die klaskamer moet wees.

Daar was ook iemand wat oor 'n inklusiewe klaskamer gepraat het. Wat beteken dit?

Christien Naser, 'n spraakterapeut, skrywer en leeskundige was ook 'n spreker by ons geleentheid. Sy het gepraat van 'n klaskamer waar daar 'n klomp

verskillende kinders sit, 'n Liquorice Allsorts-groep mense. Met verskillende agtergronde en behoeftes.

Baie kere sit onderwysers met 50 of 60 verskillende soorte kinders in 'n klas. Daar is kinders wat net sukkel om deur die dag te kom, regop te bly en staande te kan bly.

Hoe gemak as kinders in die klas outisties is? Hoe gemak as daar kinders is wat vinnig vorder, en ander wat uit heeltemal ander omstandighede kom?

Baie kinders word tuis afgekraak, of daar word nie aandag gegee nie. En by die skool het die onderwyser 'n ontsaglik belangrike rol om te speel – om aandag en komplimente te gee. Om 'n kind te prys en te laat goed voel.



58% van alle Suid-Afrikaanse huishoudings besit nie 'n boek in hulle huis nie.



Ma moet kies tussen 'n brood en 'n boek. So dan kies mens natuurlik 'n brood.

Julle leeskonferensie het glad nie net oor lees gehandel nie!

Die ding is: Lees raak eintlik alle aspekte van die samelewing en van opvoeding. Dit gaan oor baie meer as die lees van 'n storieboek. Dit gaan oor alles wat agter die lees van die storieboek lê ook. Dit gaan oor menseverhoudinge. Dit gaan oor die mense in die klas: onderwysers en kinders!

Vertel my van die Doen en leer-program, asseblief. Wat het uitgestaan met die Doen en Leer-program?

Dokka Swart het dit aangebied. Sy het gepraat oor die eenvoud van doen en leer. Weet j , dit sluit op 'n manier aan by wat ek ook s : Leer sintuiglik lees.

Dokka praat van lees met die liggaam ... hoe kinders met die volledige liggaam kan leer lees. (Rose Botha het ook haar ervaring en kennis in die program ingesit.)

Wat was vir jou 'n hoogtepunt van die geleentheid?

Die hoogtepunt was dat 'n mamma daar aangekom het wie se seun voorheen by Dokka leer lees het. Die seun is met outisme gediagnoseer en het leerprobleme ondervind. Hy is hierdie jaar in matriek. Die ma het 'n getuigenis gelewer, 'n suksesverhaal kom vertel. Haar kind het só baie op skool gesukkel, toe leer hy lees, en toe verander alles. Toe verander sy wêreld!

Klink my mens kan die samelewing verander, een boek op 'n slag.

Ja! As 'n kind lees, kan hy vorder in die lewe. Ek dink wat vir my die kern van die leeskonferensie was, is ons het dus gepraat oor struikelblokke, maar ons het ook saamgedink aan oplossings.



Leeskonferensiegangers

Ons het saam met die WKOD hierdie konferensie aangebied, en ons praat nou al vier jaar lank daarvoor. Nou was die tyd reg om nog sulke projekte saam-saam aan te pak, en daar word eise gestel.

Organisasies soos die VVA en die ATKV se hande word nou geneem, want hier is oplossings en ons kan dit saam met mekaar doen!

Voorleeswerkswinkel

Die Vriende van Afrikaans het op 20 Junie 2022 'n voorleeswerkswinkel aangebied vir skole in Wellington, Hermon en Tulbach-omgewing.

Van die skole was ook baie gelukkig om 'n boektrommel te ontvang wat deur welwillende donateurs en vriende van Nederland geskenk is. Met hierdie boek-

trommelskenkings beoog die VVA om leerders te wys dat lees pret kan wees. Die VVA wil ook skole help om die uitdagings rakende lees te hanteer en ondersteuning aan te skole oor die kwessie te bied.

Chareldine, projekbestuurder van die VVA, en Gerrie Lemmer, Uitvoerende hoof: Kultuur (ATKV),

het ook onlangs met een van die VVA se vriende uit Nederland, professor Carel Jansen, ontmoet om saam te gesels om lees lekker en opwindend vir kinders te maak. Carel en nog baie vriende ondersteun al vir jare die VVA se boektrommelprojek en help verseker dat kinders toegang tot lekker leesboeke het.



Boektrommel, Wellington.



Groenberg Primêr.



Shireen tydens die voorleeswerkswinkel by Soetendal Primêr.



Soetendal Primêr.



Carel Jansen (Nederland), Chareldine van der Merwe en Gerrie Lemmer PR.




Boektrommel vir Groenberg Primêr.

Grabouw boektrommel oorhandiging

Vyf laerskole in die Grabouw-omgewing was baie bevoorreg om boektrommels tydens 'n voorleeswerkswinkel van die Vriende van Afrikaans te ontvang. Hierdie boektrommels was onder andere aan Arrieskraal Primêr, Maxonia Primêr, Glen Elgin Primêr, St. Michaels Primêr en Dennegeur NGK Primêr uitgedeel. Hierdie boektrommels is noodsaaklik om 'n liefde vir lees by kinders te kweek. Dokka Swart van die Doen en Leer-program het ook 'n demonstrasie gedoen om die effektiwiteit van die program te beklemtoon.



Opvoeders van die vyf skole wat boektrommels ontvang het.



Dokka Swart doen 'n lesdemonstrasie van die Doen en Leer-program.

Die VVA span saam met die Afrikaanse Onderwysnetwerk om lees te bevorder

Op 24 Junie het Die Vriende van Afrikaans opleiding in die Doen en Leer-program by Topline Primêr in die Noord-Kaap aangebied. Dokka Swart het met die grondslagfaseopvoeders en assistente gewerk en gewys hoe om leerders met leesagterstande te help. Die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON) het die skenking van pakkette en boeke moontlik gemaak. 'n Suksesvolle leeskonferensie is ook vir opvoeders, belangstellendes en ouers in op 25 Junie in Groblershoop aangebied. Die belangrikheid van die leeskonferensies is om die volgende te beklemtoon: Hoe kweek 'n mens 'n liefde vir woorde en lees by kinders sodat hulle lewenslange lesers word, maar ook optimal kan leer?

Ons het op Saterdag 4 Junie 2022 waardevolle Doen en Leer-opleiding by Watsonia Primêr in Kraaifontein gedoen. Ons het ook Doen en Leer-vlakleespakkette en lees en werkboeke aan die skool geskenk. Hierdie skenking is ook moontlik gemaak deur fondse van die AON. Opvoeders wat die werkswinkel meegemaak het, was baie opgewonde en geïnspireerd om leerders te help met die verbetering van hulle leesvaardighede.



Opvoeders van Topline besig met opleiding.



Opvoederse ontvang hul pakkette en boeke – geborg deur die AON.




Aanbieders van die leeskonferensie in Upington.

HOE KWEK 'N MENS 'N LIEFDE VIR WOORDE EN LEES?

"Die Spore van die Hart
Lank het ek dit in die d
voor die son dit doe
die klein spootjies van
wat my hart laat sing."



Opvoeders van Watsonia Primêr
in Kracaifontein.



Dokka besig om 'n graad
2-leerder te leer lees.

Eikendal Primêr laat lees leef

"Lees laat kinders ontsnap na wêreld
waar hulle nog nooit was nie en dalk
nooit sal kom nie, maar dit vergroot
hulle verbeelding en gee vlerke aan
hulle drome, dit is die woorde van
Riva Myburgh, die leerondersteuning-
opvoeder by Eikendal Primêr.

Eikendal is 'n dubbelmediumskool in
Kraaifontein en die Afrikaanse klasse
by die skool is maar min. Riva is egter
baie passievol oor taal en dis om die
rede dat sy die Vriende van Afrikaans
genader het om vir die skool 'n
boektrommel te skenk.

is om 'n liefde vir lees by leerders te
laat ontwikkel. Riva sê ook dat sy die
stories vir die leerders uit "act" terwyl
sy dit voorlees. Dan kan sy sien hoe
baie hulle dit geniet en dat hulle vir
daai oomblik net vergeet van hulle
omstandighede en hulle inleef in
die storie. Lees laat nie net kinders
se taal ontwikkel nie, maar ook
hulle luistervaardighede verbeter.
Tydens die oorhandiging van die
boektrommel het Shireen Crotz,
projekorganiseerder van die VVA, vir
die graad-1 leerders uit een van die
nuwe boekie voorgelees.

Die skool het ook deel geword van
die Doen en Leer-program en met
fondse wat deur die Afrikaanse
Onderwysnetwerk (AON) geskenk is,
kon die VVA die skool ondersteun in
hulle poging om leesagterstande
uit te wis. Riva is al 12 jaar betrokke
by die Doen en Leer-program en het
in haar jare as leerondersteunings-
opvoeder by verskillende skole in
die omgewing, wesenlike suksesse
met leerders behaal wat leer- of
leesagterstande het.

Met meer skenkings soos hierdie kan
een kind op 'n slag blootgestel word
aan die wonderwêreld van woorde.



Leerders van Eikendal Primêr is baie
opgewonde oor hul boektrommel.

Die boektrommel is propvol nuwe en
interessante leesboeke vir leerders
vanaf graad R-7 en presies wat nodig



Riva Myburgh met die boektrommel
en Doen en Leer-boeke.



Shireen Crotz lees 'n storie vir die
leerders.

Lees gee vlerke aan
kinders se drome.



Doen en Leer-program maak 'n verskil!



15 Julie 2022 | ATKV webtuiste

Kofi Annan, 'n voormalige sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies het op 'n keer gesê: "Geletterdheid is die brug van ellende na hoop." Geletterdheid beteken jy moet kan lees en skryf. Lees is beslis die belangrikste vaardigheid wat 'n kind op skool moet bemeester, want jy sal nie kan leer indien jy nie kan lees nie.

Vriende van Afrikaans fokus op leesbevordering en maniere om 'n liefde vir lees vanaf 'n jong ouderdom by kinders te kweek. Om dit reg te kry, versprei die VVA ongeveer 60 boektrommels per jaar aan goedbestuurde, geregistreerde kleuterskole en graad R-klasse regoor die land. So maak hulle seker kinders word vroeg reeds aan goeie en geskikte boeke blootgestel.

Chareldine van der Merwe, projekbestuurder by die VVA, sê hulle het in 2013 'n demonstrasie van die Doen en Leer-program bygewoon en was dadelik beïndruk. Doen en Leer is 'n holistiese lees-, wiskunde- en leerondersteuningsprogram wat kinders speel-speel leer op fisiese, emosionele en kognitiewe vlak. Doen en Leer span visuele, ouditiewe en kinestetiese metodes in om van leer pret te maak.

"Met dié dat die VVA tans in skole landwyd werk, het ons onder die indruk gekom van al die uitdagings wat daar rondom lees is. Daar is baie leerders van graad R tot graad 3 wat nie voldoen aan die vereiste leesgeletterdheidstandaard vir hulle graad nie. Die probleem strek eintlik veel verder, soms tot in graad 12. Die VVA het besluit om betrokke te raak by die verspreiding van die Doen en Leer-program, en ons is dankbaar om te kan getuig van positiewe resultate waar ons ook al gaan," sê Chareldine.

Dokka Swart is ten nouste betrokke by Doen en Leer saam met haar vennote Nicolette van den Heever en Hannelize Upsher. Sy vertel dat sy dr. Rose Botha, 'n oudonderwyseres wat hierdie program ontwikkel het, meer as twintig jaar gelede vir die eerste keer ontmoet het. "Saam met Tina van Eeden het ek en dr. Botha Doen en Leer ontwikkel in 'n bemarkbare produk wat werklikwaar 'n reuseverskil in baie kinders se lewens maak. Die program fokus daarop om kinders woordjie vir woordjie, met prentjies en aksies te leer lees. Dit gaan oor die konnotasie wat kinders maak om die woorde vas te lê en ook om selfvertroue te bou. Ons doen aktiwiteite en speletjies om seker te maak die leerders verstaan die woord voordat hulle sinne bou. Dit klink dalk eenvoudig, maar dit werk," sê sy.

Yolanda Hansby is 'n graad 2-onderwyseres by Watsonia Primêr in Kraaifontein. Een van haar leerders het op die ouderdom van twee jaar en elf

maande Bell se verlamming gekry. Alhoewel sy groot en fyn motoriese ontwikkeling ondergemiddeld was, is sy spraak baie goed, eintlik ver bo gemiddeld. Met 'n demonstrasie van die Doen en Leer-program by Watsonia Primêr kon elke onderwyser 'n leerder identifiseer wat gebruik kon word om die resultate van die program te demonstreer. "Ek het besluit om hierdie seuntjie te kies. Dit was verstommend hoe goed hy dit reggekry het en toe ek ná afloop van die demonstrasie na sy ma stap waar sy vir hom gewag het, kon ek my trane nie keer nie. Die ma het net so gehuil toe ek haar vertel het dat haar seuntjie kon lees. Hy is nou so entoesiasies en probeer sommer van sy klasmaats help, wat ook sukkel om te lees," sê Yolanda.

Uiteindelik bring hierdie program soveel hoop aan baie kinders wat voorheen nie kon lees nie. Afgesien daarvan dat nuwe wêreld vir hulle oopgaan omdat hulle ook in staat is om te kan lees, doen dit besonder baie vir 'n kind se selfbeeld.

Chareldine vertel van 'n insident by St. Ives Primêre skool in Eldorado Park. Die een graad 5-seun is gevra om ná skool agter te bly sodat hulle met hom kon werk. Die seun het by die deur van die klaskamer vasgesteek en gesê hy sal nie kan bly nie, want die taxi sal nie vir hom wag nie. Hierdie seun is 'n immigrant uit een van die Afrikalande, maar is in 'n skool geplaas waar hy Afrikaans as 'n vak moes neem. Dié dag het Chareldine hom gerusgestel en gesê hy gaan net 'n kort rukkie besig wees, hulle sal wel sorg dat hy vervoer huis toe kry.

Dit gaan oor die konnotasie wat kinders maak om die woorde vas te lê en ook om selfvertroue te bou.

viertjie,
lding,
ertjie.
-my-aan,
arniertjie,
al's-toe-
an-hiertjie,
arnier aan en weer)
-mooi-terug,
hiks-op-n-kiertjie,
my stut . . . Lê teen
an . . . liewe diertjie . . .

"Die seuntjie wat aanvanklik vreesbevange was, het merkbaar verander toe hy dit kon regkry om deur middel van Doen en Leer se metodes woorde te lees. Sy oë het vol selfvertroue geblink en hy

was só trots! Toe ons klaar was, het hy weer 'n keer in die deur vasgesteek. "Kan ons môre hierdie weer doen?" het hy gevra. Om die verskil in een kind se lewe te sien, maak 'n mens só dankbaar.

Dit is beslis die kersie op die koek wat my werk betref. Dan besef 'n mens wat jy doen is waardevol en jy kan 'n verskil maak in 'n wêreld vol uitdagings," sê Chareldine.

Briewe

Goeiedag Shireen

As Overberg Grondslagfase-koördineerder wil ek graag die ATKV van harte bedank vir die skenkings van boektrommels aan verskeie skole in Kring 2. Ek weet dit sal baie goed aangewend word en dat dit beslis sal bydra tot die ontwikkeling van ons kinders se lees.

As julle dalk in die toekoms weer leestrommels beskikbaar het, sal ons dit waardeur as jul ook aan leerders in ander Kringe (veral plaasskole) waar daar groot behoefte aan leesboeke is, kan skenk.

Nomaals baie dankie. Dit word opreg waardeur.

Sterkte met jul groot taak.

Kind regards/Vriendelike groete/Imibuliso emihle

Sandra Cloete

Deputy Chief Education Specialist
Foundation Phase Coordinator
Overberg Education District
Western Cape Education Department

Beste Shireen en Chareldine

Baie dankie vir die nuusbrief, propvol van julle goeie werk. Ek is so trots op julle en wat julle vir so baie kinders en opvoeders beteken. Julle verander lewens!

Mooi loop!

Am

Amanda de Stadler

Taalpraktisyn

Goeiedag juffrou

Ons wil baie graag ons opgewondenheid en dankbaarheid uitspreek vir die trommel boeke wat ons skool vanaf ATKV ontvang het. Dit sal baie help vir ons leerders. Ons weet die boekies sal hul belangstelling prikkel en 'n liefde vir lees meer aanmoedig. Ons wil ook graag vir juffrou Dinise Priga-Ritter bedank vir die inisiatief wat sy geneem het om ons skool in hierdie gulde geleentheid in te sluit.

Groete

Teresita Bliganut

ARIESKRAAL PRIMêR

SKOOLKODE: 180/336394
POSBUS 81, GRABOUW, 7160, TEL: 021-8489825
Fax: 021-8489067
E-POS arieskraalps@gmail.com
PRINSIPAAL randall.marais123@gmail.com



"STREWE VORENTOE"

Hiermee wil bogenoemde skool die ATKV bedank vir die leestrommel wat aan ons skool geskenk is. Wees verseker dat ons die leestrommel optimaal sal gebruik om ons leerders se lees te verbeter. Dit sal ons ook help om vir die leerders 'n liefde vir lees aan te wakker.

Nogmaals baie dankie dat u aan ons skool gedink het vir die skenking.

Vriendelike groete

K. Julies

Prinsipaal: E. Lukas
 Departementshoof: L. van Jaarsveld (Wm)
 Sekretaresse: R. Kayser



Tel. (021) 200 7088
 e-Pos/e-Mail :
 dennegeur01.prim@wcgschools.gov.za

Posbus/P.O. Box 65
 GRABOUW
 7160

MOTTRAM ST. ANDREW PRIMARY SCHOOL



13 Mei 2022

Geagte Vriende van Afrikaans

Hiermee wil ek namens elke leerder en opvoeder van Dennegeur NGK Primêr dankie sê vir die boektrommel wat deur julle geskenk is. As graad-1 opvoeder het ek verskriklik opgewonde geraak toe ek die pragtige kleurvolle boeke sien. Ek self het 'n groot liefde vir lees en dit is wonderlik om hierdie liefde met die leerders te kan deel. My eie liefde vir lees het ontstaan in my laerskool se biblioteek waar ek elke pouse in stilte met 'n boek kon wegraak in 'n droomwêreld.

Ek wil ook dankie sê dat julle ons vakadviseer me. Dinise Priga-Ritter genader het om deel te wees van die projek. Sy deel daagliks haar liefde vir stories met haar kollegas en die passie wat sy daarvoor het maak dat ons as opvoeders sommer weer 'n nuwe lus kry vir speel en stories vertel.

Ek sien uit daarna om die voorlees van stories by ons opvoeders aan te moedig en op hierdie manier nuwe lewe te gee aan ons kinders se verbeelding en woordeskat. Hou asb. aan met die passievolle werk wat julle doen.

Vriendelike groete

Leandri van Jaarsveld

Grondslagfaseleier



Trommel met boeke vir nuuskierige lesertjies

Wat 'n vreugdevolle middag was Maandag 9 Mei 2022, toe ses skole elk 'n blou trommel ontvang. Boeke vir nuuskierige en avontuurlustige lesers.

Boeke om hul verbeeldingswêreld te prikkel. Boeke geskryf in hul moedertaal, Afrikaans.

Hartlike dank aan me. Dinise Priga-Ritter vir die wonderlike idee aan die ATKV.

Baie dankie aan die skenkers, ATKV, vir hul mildelike skenkings vir ons skole van leerders graad 1 tot 3. Mooi sal ons dit bewaar dat komende leerders dit ook kan waardeer.

Met ootmoed en sorg sal ons daarna kyk om leerders se taal te verryk.

Weereens baie, baie dankie me. Priga-Ritter en ATKV.

Glen Elgin Grondslagfase-opvoeders en -leerders

Doendinge in Afrikaans

Nuusbrief:

Redakteur:

Chareldine van der Merwe

Assistentredakteur:

Shireen Crotz

Bladuitleg:

Plenti Creative

Algemene Inligting:

Straatadres:

**Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegnopark Stellenbosch 7600**

Posadres:

Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon:

021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer:

021 880 1946

E-posadres:

Shireen Crotz:

shireenc@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste:

www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

Die volgende items is by die kantoor te koop:

<i>Ou Vriende van Afrikaanse</i> dubbel-CD met kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore.	R100
<i>Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans</i> geskep deur Peter Slingsby	R20
<i>Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel</i> (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek)	R160
<i>Vespers van Rachmaninof</i> CD in Afrikaans	R120
<i>Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases</i>	R135
<i>Joernaal van Jorik – in klank</i> (toonsetting deur Roelof Temmingh)	R120
<i>Die Nagbiblioteek</i> deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar	R120
Posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word.	R65

Skenkingsbesonderhede

Bankbesonderhede

ABSA, Tjekrekening

Rekeningnaam: ATKV

Rekeningnommer: 0170166728

Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende:

SWIFT Kode: ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenkbundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.

**VERSPREI GERUS
DIE NUUSBRIEF!**